

April 2009

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Dit is op die oomblik 'n probleem om my aandag by ou Pretoria te hou. Ek is weer besig met familienavorsing en probeer om die ou gedrukte Doopregister van die Drakensteinse Kerk [1694-1713] te ontsyfer – dit is in Frans geskryf !!! Die Lidmateregister is gelukkig in Hollands gedruk. Ek hoop nie hierdie brief is te afgeskeep nie.

Ek het vyf poskaarte in my besit wat Jim Torrance in 1809-1910 aan sy familie in Engeland [Londen] gestuur het. Nie een van hulle het 'n posseël of posstempel op nie en is dus seker in 'n brief of ander posstuk gestuur. Slegs een poskaart het 'n adres op. Iemand het die poskaarte vir my opgespoor by 'n handelaar in Kaapstad. Nou na 100 jaar is die vyf poskaarte weer terug in Pretoria vanwaar dit oorspronklik gestuur is.

Ek het nie baie inligting oor Pretoria ná 1900 nie en die enigste Torrance wat ek kon opspoor was die volgende inskrywing in Lochhead's: J. Torrance, coal merchant, Fountain Hotel, Pretorius Street [Loc-01 p384]. 'n Ander inskrywing op dieselfde bladsy lees: Torrance & Crawford, coal merchants, cartage and commission agents. Adres: 204 Andries-str. Is dit moontlik hy wat die poskaarte gestuur het?

Die eerste poskaart gedateer 5/7/09 het 'n afbeelding van die "Pretoria Cantonments", later Voortrekkerhoogte. Dit is poskaart no. 1763 wat gepubliseer is deur Sallo Epstein & Co., Durban. Agterop is geskryf 'Dear Jeanie, Do you remember having a drive in the capecart to this place with Mammie en Daddie long ago. Love & Kisses from Daddie."

Die ander vier poskaarte is almal verskillende foto's van Kerkplein met Sammy Marks se fontein op die voorgrond. Die fontein was seker vir hom baie mooi gewees. Die volgende twee is no. 4258 en 4259 wat gepubliseer is deur R.O. Füsslein, Johannesburg. Op 20/6/10 skryf hy aan Mrs. J.L. Torrance. "Dear Mammie, Wishing you many Happy returns of the 11th July. Love and Kisses from your loving Husband." Op 11/7/10 skryf hy net "My dear Jeanie. Love from Daddie."

Die volgende twee poskaarte is no. 3 en no. 16 wat gepubliseer is deur W.E. Burmester & Co., Pretoria & Johannesburg. Die foto's op die poskaarte is geneem deur A.L. Gilham.



Pretoria
3/9/10

“Dear Molly, The fountain is not like you. You are gone but not forgotten. The fountain is gone and forgotten and the square at present is more like a ploughed field than anything else. Pretoria ...?... now is in a dreadful state and you may consider yourself lucky to be out of it. Love Kisses Cuddles & Hugs from your dear loving husband Jim”

3/9/10 Dear Mammie

Do you remember Church Square when it was like this with the telephone and telegraph wires running through it. You would not know it now and I suppose when you come back the Electric Cars will be running round it. The rails for the cars are nearly all put down and I think the cars on the Sunnyside Arcadia section will be running the end of this month. Love & Kisses Jim



Volgens Lochhead [Loc-01 p113] het die eerste elektriese trem in Pretoria op die 2de November 1910 geloop, toe die Synnyside deel van die netwerk in werking gestel is.

Deur die jare het daar verskillende geboue, fonteine en ander strukture op Kerkplein gestaan. Hier volg 'n kort opsomming daarvan.

Eerste Kerk

Die inwyding van die eerste kerkgebou op Kerkplein was op 23 Februarie 1857. Die kerkgebou het in September 1882 afgebrand en moes gesloop word.

Tweede Kerk

Die eerste tenders vir die bou van die nuwe kerkgebou is in 1883 in De Volksstem geadverteer. Die inwyding van die kerk was op 23 Januarie 1885. Teen die einde van 1904 het die gebou begin kraak en die toring het onstabiel geraak. Die toring is in Desember 1904 afgebreek en die res van die gebou vroeg die volgende jaar.

Voetstuk van die Krugerstandbeeld

Die voetstuk vir die standbeeld was van rooi gepoleerde Skotse marmer gemaak. Teen Julie 1899 is die twintig ton marmer op Kerkplein afgelewer. Kort daarna het die voetstuk kant en klaar gestaan en wag op die figure van die President en sy brandwagte. Dit het by die westelike ingang van Kerkplein gestaan. Maar op 11 Oktober 1899, nog voordat die gegote beelde en basreliëfs in Suid-Afrika aangekom het, het die tweede Vryheidsoorlog uitgebreek. Die voetstuk het op Kerkplein bly staan tot 1905 toe dit afgebreek is en later na Prinsepark verskuif is.

Sammy Marks-fontein

In 1904/5 is die Kerk op Kerkplein afgebreek en Sammy Marks bied aan om 'n spuitfontein daar op te rig. Die planne van 'n fontein wat in 1903 deel was van die Glasgow-uitstalling word deur Sammy Marks aan die Stadsraad voorgelê en dit is in 1905 goedgekeur. Die fontein was van gietyster en is in die Glasgow Gieterij van Walter Macfarlane & Co., Architectural, Sanitary and Artistic Ironfounders vervaardig.

In 1910 word die spuitfontein na die Dieretuin verskuif. In 1970, tydens die viering van waterjaar, is dit herstel en geverf en het na baie jare weer gewerk [All-01 p152].

Fontein

lewers tussen 1910 en 1954 is 'n ander fontein op Kerkplein opgerig. Ek het heelwat foto's daarvan gesien maar kon geen inligting kry nie.

Krugerstandbeeld

Samuel [Sammy] Marks skryf op 20 Augustus 1895 'n brief aan die Staatspresident en die Uitvoerende Raad waarin hy hulle meedeel dat hy besluit het om 'n bedrag van £10,000 te skenk vir die oprigting van 'n marmerstandbeeld van President Kruger.

Die voltooide standbeeld van President Kruger en die vier brandwagte kom in 1898 in Lorenzo Marques aan net toe die oorlog uitbreek.

Die eerste staanplek van die standbeeld van President Kruger was in Prince's Park. Dit is in Desember 1912 opgerig en genl. Schalk Burger het dit op 24 Mei 1913 onthul. Dit is op die oorspronklike voetstuk opgerig maar sonder die beelde van die vier brandwagte.

Op 29 Desember 1912 was daar 'n massavergadering van genl. Hertzog se ondersteuners rondom die standbeeld in Prince's Park. Een van die sprekers van die dag was genl. Christiaan de Wet.

Die standbeeld skuif in 1925 na die tuine voor die stasie en die vier brandwagte is nou vir die eerste keer deel van die monument. Op 10 Oktober 1925, presies honderd jaar na die geboorte van pres. Kruger, vind die onthulling van die standbeeld op die plein voor die stasie plaas.

In 1954 is dit uiteindelik na Kerkplein geskuif, waarvoor dit oorspronklik bedoel was. Op President Kruger se verjaarsdag, 10 Oktober, word die standbeeld deur dr. D.F. Malan, Eerste Mininster van die Unie van Suid-Afrika, onthul.

Bronne

- All-01 Allen, Vivien. 1971. **Kruger's Pretoria**. Kaapstad: A.A. Balkema.
Bre-01 Breytenbach, J.H. 1979. **Geskiedenis van die Krugerstandbeeld**. Pretoria: Promedia.
Bre-02 Breytenbach, J.H. 1954. **Geskiedenis van die Krugerstandbeeld**. Johannesburg: Cape Times Bpk.
Pre-13 Meiring, Hannes. 2006. **Pretoria 150** Pretoria: Capital Media.
Loc-01 **Lochhead's Guide Handbook and Directory of Pretoria**. 1913. Transvaal Reliable Agency.

Daar bestaan heelwat foto's van al die bogenoemde strukture, maar die brief sal ongelukkig te groot wees as ek die foto's byvoeg. Deur die jare was daar ook heelwat planne om Kerkplein te verander. Meestal was die tekort aan geld die beslissende faktor wat die veranderinge in die wiele gery het. Ek het al 'n hele paar sketse van die voorgestelde planne gesien.

Die volgende van Willem Punt

Hy wil graag verneem of iemand miskien vir hom die naam en telefoonnommer van 'n kontakpersoon by die Nasionale Argiewe in Hamiltonstraat het.

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel